

Is jy seker oor deeltitelversekering?

**TERTIUS
MAREE**

tertius@section.co.za



DEELTITEL- FORUM

Ek skryf selde oor versekering.

Dit is omdat Mike Addison van Addsure, die kenner van deeltitelversekering in Suid-Afrika, my oor die vingers gaan tik as ek iets verkeerd sou sê.

So, vandag se bydrae is deur die ghoeroe homself:

Die mees algemene fout wat trustees maak ten opsigte van versekering, is om net te aanvaar dat alles goed en wel met hul polis is. Die polis is tog in plek, nie waar nie? En dit word jaarliks hernu en die premies word tog betaal?

Maar wees versigtig! Daar is twee tydstippe gedurende die finansiële jaar wanneer trustees die kwessie van versekering goed moet bekijk.

Eerstens: wanneer die polis hernu word. Op hierdie tydstip behoort die trustees skriftelike advies van 'n versekeringsmakelaar in te win ingevolge die be-

palings van die Fais-wet (Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste).

Dit moet die volgende bied:

(a) 'n Kort opsomming van die inligting waarop die verslag gebaseer is;

(b) Die versekeringsprodukte wat vir doeleindes van die verslag oorweeg is; en

(c) Die produk wat aanbeveel word, tesame met 'n verduideliking waarom die produk aan die regspersoon se behoeftes sal voldoen.

Die verslag moet dan geliasseer word met die trustees se notules van besluitneming rakende die versekeringspolis.

Wanneer was die laaste waardasie van die skema gedoen? Die outomatiese dekkingswaarde moenie eenvoudig persentasiege-wys jaarliks aangepas word nie, maar moet gedoen word in lyn met die werklike waardasie en amptelik erkende inflasiekoers.

'n Volledige waardasie moet verkieslik elke derde jaar verkry word. Wat getrouheidsdekking betref, moet dit jaarliks met die voorgeskrewe formule gerekon-

silieer word.

Die dekking moet voorsiening maak vir 'n bedrag ten minste gelykstaande aan die beleggings en reserwes van die regspersoon aan die einde van elke finansiële jaar en moet ook ten minste gelykstaande wees aan 25% van

die administratiewe begroting vir die betrokke jaar. Dit volgens die bepalings van die Ombudwet en die Regulasies tot die Bestuurswet.

Verder moet die trustees, met behulp van hul makelaar, toesien dat die bewoording van die polis voldoen aan die vereistes

van die Bestuurswet wat getrouheidsdekking betref.

Nie alle polisse voldoen daaraan nie.

Die tweede tydstip is voor die algemene jaarvergadering.

Daar moet nou gekyk word na die bedrag van dekking vir openbare aanspreeklikheid. Dit behoort ten minste R50 000 te wees, onderhewig aan die grootte en die aard van die deeltitelskema.

Dan moet die trustees hulself vergewis van die eise-verhou-

ding en eise-geskiedenis, dat die dekking in die lig daarvan voldoende is en dat die premies wat betaal word redelik is.

Dié aspekte moet die trustees met behulp van hul makelaar bepaal. In breë trekke behoort die premie in lyn te wees met 'n gemiddelde eise-verhouding van 35% en 50%. Die makelaar moet die formule aan die trustees verduidelik.

Kort voor die algemene jaarvergadering moet die trustees 'n skedule van vervangingswaardes voorberei of laat voorberei, gebaseer op die mees onlangse waardasies, plus inflasie, soos hierbo genoem.

Maak seker dat dit dan met die polis ooreenstem wat eenheidswaardes betref, soos uiteengesit in die polis-endossement. Die polis moet gebaseer wees op die skedule van vervangingswaardes, en nie andersom nie!

Die skedule van vervangingswaardes is 'n belangrike item wat tydens elke jaarvergadering aan die lede vir goedkeuring voorgelê moet word. Die trustees behoort 'n afskrif van die jongste waardasies dan byderhand te hou vir verwysing en vrae.

Syfers vir voorgestelde getrouheidsdekking moet ook voorberei word vir bespreking, soos nodig mag wees. So ook moet die trustees syfers vir aanspreeklik-

heidsdekking kan voorlê tydens die vergadering.

Die trustees behoort toe te sien dat hulle 'n versekeringskonsultant by die algemene vergadering het om die versekeringsverslag voor te lê en aspekte daarvan te verduidelik soos dit mag nodig wees.

Dit sluit in:

- Die skedule van vervangingswaardes;
- Die omvang van versekeringsdekking;
- Aanspreeklikheidsdekking;
- Getrouheidsdekking soos per Bestuursreël 23(7); en
- Enige bykomende dekking, soos per Bestuursreël 23(8).

Die voorsitter moet sy/haar gedeelte van die agendapunte voorlê en moet daarom goed voorbereid wees. Die regspersoon se versekeringsmakelaar kan die versekeringsaspekte voorlê en bespreek.

Versekering, soos vereis deur wetgewing, is uiters belangrik en word dikwels afgeskeep. Dit gebeur ook soms dat die trustees en voorsitter nie goed genoeg voorbereid is om dit op die algemene jaarvergadering te bespreek nie.

Onthou: Die uiteindelijke verantwoordelikheid berus by die trustees. Hanteer die versekeringsaspek dus met sorg en win kundige advies daarvoor in.